# GENERAAL J C SMUTS EN GROTER SUID-AFRIKA 1919-1924

*M H Trümpelmann — (RAU)*



*Generaal J C Smuts (1870-1950)*

## 1. Groter Suid-Afrika — 'n Hoeksteen van Smuts se Buitelandse Beleid[1]


Indien daar krities na Smuts se buitelandse beleid gedurende die jare 1919-1924 gekyk word, is dit opvallend dt sy beleid veral op twee grondpilare gebou was. Enersyds het hy geglo dat Suid-Afrika se heil binne die Britse Ryk te vinde was en andersyds moes hierdie posisie binne die Britse Ryk gebruik word om Suid-Afrika se posisie in Afrika uit te bou.[2] Hoewel Smuts op verre na nie die enigste Suid-Afrikaner was wat omstreeks die eeuwende na 'n groter Suid-Afrika gestreef het nie, het sy doelgerigte en daadkragtige optrede, sy beklemtoning van die rol van die Britse Ryk in sy ekspansionisme en sy wysgerige verantwoording van sy uitbreidingspogings, hom tog in 'n uitsonderingsposisie ten aansien van 'n groter Suid-Afrika geplaas.[3] In praktyk het Smuts 'n fyn beplande strategie gevolg om hierdie strewe werklikheid te maak.

## 2. Die Eerste Treëtjie — Suidwes-Afrika

Die eerste en ook enigste suksesvolle uitbreidingspoging gedurende die jare 1919 tot 1924 was die verkryging van die mandaat oor die eertydse Duitse kolonie Duits-Wes-Afrika. Reeds tydens die Eerste Wêreldoorlog het Smuts en Louis Botha herhaaldelik gepoog om Britse steun vir uiteindelike Suid-Afrikaanse beheeroorname van die betrokke gebied te monster. Smuts het dan ook by geleentheid na die moontlikheid van beheer oor dié gebied verwys as eerste mylpaal van 'n nuwe volk se breër nasionale verantwoordelikhede. Meer nog, Suid-Afrika sou nie alleen (met byvoeging van gebiede soos Mosambiek) in 'n subtropiese eenheidstaat omskep word nie, maar dit sou ook 'n soort Monroe-leer vir Suider-Afrika kon inlui.[4]

Met sulke duidelike oogmerke voor oë, val dit lig te begrype dat Smuts dan ook die vernaamste argitek was vir die verkryging van die mandaat oor Suidwes. Uiteraard het politieke oorweginge ook 'n rol gespeel in Smuts se uitbreidingsbeleid, maar dit moet ten aansien van Suidwes nie uit die oog verloor word nie dat hierdie gebied uit 'n eng partypolitieke perspektief eerder 'n meulsteen as 'n bate vir hom was. Feit is dat die bevolking hom oor die algemeen nie polities goedgesind was nie,[5] gevolglik het Smuts die verkryging van die mandaat oor Suidwes bloot as beginpunt van sy ekspansionisme gesien. Rhodesië sou die volgende en belangriker skakel in sy uitbreidingsketting vorm.

## 3. Suid-Rhodesië — Die Knooppunt[6]



*'n Kaart van 'n deel van Rhodesië wat in Smuts se korrespondensie te vind is.*

Smuts se strewe om noordwaarts uit te brei het die eintlike speerpunt van sy ekspansionistiese offensief gedurende hierdie jare gevorm. Immers reeds in **Een Eeuw van Onrecht** het Smuts uitgeroep: *"Hetsij wij overwinnen, hetsij wij sterven: de Vrijheid zal in Zuid Afrika rijzen als de zon uit de morgen wolken . . . Dan zal het zijn van Zambezie tot aan Simonsbaai; Afrika voor de Afrikaner".*[7]

Na Smuts se verkiesingsege in 1921, het hiérdie onderliggende strewe (al was dit nie meer in dieselfde idioom nie) weer sy kop uitgesteek. Hy het

gevolglik met nuwe ywer sy skrede spreekwoordelik noordwaarts gerig. Daarby het Smuts en die nuwe Koloniale Sekretaris, Winston Churchill, baie goed oor die weg gekom. Boonop was die konstitusionele toekoms van Rhodesië juis op hierdie tydstip onder die vergrootglas. Smuts het gevolglik alles in sy vermoë gedoen om invloedryke persone soos Chaplin, Amery en Buxton te probeer oorreed om die "groot geleentheid" wat insluiting van Rhodesië sou bewerkstellig, aan te gryp.[8] Ook deur 'n besoek van sir Abe Bailey aan Rhodesië, om aldaar die politieke klimaat te toets en 'n poging om "per abuis" samesprekings met 'n setlaarsdeputasie uit Rhodesië te bewimpel, het Smuts gehoop om die groeiende setlaarsbewuswording van 'n eie Rhodesiese identiteit te peil en hopelik te kanaliseer met die oog op aansluiting by die Unie. Dit verbaas dus geensins dat Smuts in 'n skrywe aan Churchill dit as uiters gewens geag het dat Rhodesië by die Unie gevoeg moes word. Boonop sou Ryksbelange hierdeur bevorder word, het hy betoog, omdat Rhodesië die te wagte inlywing van die anti-Britsgesinde Suidwes sou neutraliseer.[9]

In Rhodesië self was die aanhangers van selfbestuur, onder leiding van Coghlan, egter vasberade om nie voor Smuts te kapituleer nie. Smuts was gevolglik verplig om voortgesette druk op geesgenote soos Chaplin en Churchill uit te oefen ten einde hulle te probeer oorreed om nie net die idee van moontlike selfbeskikking, maar ook sy alternatief van moontlike aansluiting by die Unie (by wyse van 'n referendum) voor die Rhodesiese kiesers te lê.[10] Een uitvloeisel van Smuts se bemoeiinge was dat daar in April 1922 samesprekinge tussen die Unieregering en 'n Rhodesiese afvaardiging in Kaapstad begin het. Op hierdie vergadering is die regering se standpunt oor aansluiting aan die Rhodesiërs uiteengesit. Ondertussen is daar ook met die Geoktrooieerde Maatskappy onderhandel oor hulle belange in Rhodesië. Uiteindelik het Smuts daarin geslaag om sy finale voorstelle rakende moontlike aansluiting van Rhodesië (soos met Coghlan ooreengekom)[11] voor die einde van Julie wêreldkundig te maak. 'n Referendum oor die toekoms van Rhodesië is vir die einde van Oktober bepaal.

'n Dramatiese referendumveldtog het nou in Rhodesië gevolg en die feit dat Smuts direk by die gebeure noord van die Limpopo betrokke geraak het, het menige Suid-Afrikaner die wenkbrou laat lig. Die Nasionale Party byvoorbeeld het hom nie in beginsel teen inlywing uitgespreek nie, maar het tog sekere spesifieke voorwaardes gestel waaraan voldoen moes word voordat inlywing aanvaarbaar sou wees. Smuts is verder daarvan beskuldig dat sy motiewe partypolities geïnspireerd was en dat hy boonop outokraties opgetree het in sy hantering van die hele episode.[12] Een saak wat duidelik gestel moet word, is dat dit nie bo alle redelike gronde beweer kan word nie (soos wat veelal gedoen is)[13] dat Smuts die onderhandelinge met die Rhodesiërs doelbewus vertraag het om 'n moontlike bespreking van die voorwaardes tydens die 1922-sitting van die Parlement te voorkom. Feit is dat Smuts eers op 12 Julie 1922 in kennis gestel is dat die Britse regering die oorlogskulde waarvoor die Geoktrooieerde Maatskappy aanspreeklik gehou is en wat 'n netelige probleem geskep het, laat vaar het. Hierna moes die aandeelhouers van die Geoktrooieerde Maatskappy eers die voorgestelde aansluitingsvoorwaardes op 'n spesiale vergadering bekragtig. Hierdie vergadering het op 28 Julie 1922 plaasgevind. Eers hierna was die voorwaardes werklik regsgeldig.

Alles in ag genome is daar dus, soos uit die voorafgaande blyk, beduidende omstandigheidsgetuienis wat daarop dui dat Smuts hom nie werklik aan diktatoriale optrede besondig het nie deur die voorwaardes eers na die prorogering van die Volksraad bekend te maak. 'n Argument wat ook nie wegredeneer kan word nie, is dat al het hy die voorwaardes in die Volksraad ter tafel gelê, sou dit die omvang van die verset teen die inlywingspoging waarskynlik nie wesentlik laat afneem het nie. Hierdie gewaande ondemokratiese optrede was maar 'n lat om Smuts by te kom en nie die kern van die verset teen Smuts se optrede nie.[14]

Op die Rhodesiese front het Smuts ondertussen in die oorredingstryd met die rug teen die muur geveg. Dit ten spyte van sy persoonlike besoek aan Rhodesië in Augustus 1922. Tydens hierdie besoek het Smuts telkens na die gedagte van 'n groter Suid-Afrika verwys. Hierdie saak het hy ook in sy finale oproep glashelder uitgestippel. Treffend het hy dit gestel:

*"The Union is going to be for the African Continent what the United States has become for the American Continent. Rhodesia is but another days march on the high road of destiny. Rhodesia will not stop the march, rather will she proudly form the vanguard and take the place of danger and of honour. Only in that way can her individuality be fully developed and the ideals of her Founders realised".*[15]

Op 27 Oktober is die sogenaamde Unioniste egter met 8774 stemme teen 5989 verslaan. Die koeël was deur die kerk en nog 'n kans om Suid-Afrika te vergroot daarmee heen.

Word daar na die oorsake vir die mislukking van hierdie belangrike uitbreidingspoging van Smuts gesoek, dan is daar 'n wye spektrum van redes wat hiervoor deur tydgenote aangevoer is. Daar is onder andere betoog dat Rhodesië nog nie "ryp" vir inlywing was nie; dat die "Unioniste" sonder dinamiese leiers was en dat Smuts self die eintlike vlieg in die salf was.[16] Smuts was persoonlik van mening dat die Britse regering gefouteer het om die sogenaamde Buxton-komitee rakende die Rhodesiese grondwetlike kwessie in die lewe te roep, omdat die saak hierdeur op die spits gedryf is.[17] Hierteenoor het Coghlan die begeerte van die Rhodesiërs om hul eie heil uit te werk as die deurslaggewende faktor in die mislukking van Smuts se offensief gesien.[18]

Meer resent noem Davies vrees vir Smuts en die Afrikaner as die basiese oorsaak vir die mislukking van hierdie uitbreidingspoging.[19] Warhurst weer besluit: *"The incorporation issue was not primarly decided by economic factors: it was their pride in being British that caused the Rhodesians to reject Smuts's blandishment"* [20]

Word daar krities na die hele episode gekyk, dan is dit duidelik dat die voorstanders van aansluiting by die Unie geen effektiewe organisatoriese masjinerie en ook geen dinamiese plaaslike pleitbesorgers gehad het nie. Boonop is die finansiële voordele van aansluiting by die Unie só oorbeklemtoon dat hierdie argument kontra-produktief geword het en mense afgeskrik het. By die beoordeling van die gebeure moet ook in gedagte gehou word dat alhoewel Smuts se rol in die episode belangrik was, was sy invloed nooit deurslaggewend gewees nie, veral omdat die politieke gebeure[21] in Suid-Afrika van so 'n veeleisende aard was dat hy as't ware ten

aansien van sy beweeglikheid amper in 'n skaakmat posisie beland het. Ten spyte hiervan was en is die argument dat Smuts Rhodesië eerstens nodig gehad het om die politieke inisiatief te behou, 'n minder gelukkige argument en wel omdat Smuts nog pas in 1921 'n goeie sege by die stembus behaal het. Hoewel daar na gemelde sege terugslae in tussenverkiesings was, was Smuts se posisie teen 1922 allermins desperaat gewees. Ook die gewaande foutiewe tydsberekening van Smuts, as oorsaak vir die mislukking van sy aanslag op die noorde is, om die minste te sê, aanvegbaar. Feit is dat dit nie Smuts was nie, maar die aanstelling van die Buxton-komitee en die handelswyse van Coghlan, wat die saak op die spits gedryf het. Smuts wou om verstaanbare redes nie die risiko loop dat afsydigheid van die Unie se kant ten aansien van die toekoms van Rhodesië, plaaslike patriotisme sou laat wortelskiet nie. Hierdeur sou aansluiting by die Unie miskien permanent op die lange baan geskuif word. Dit lyk steeds korrek om die basiese rede vir die mislukking van hierdie speerpunt-uitbreidingspoging te sien in die opwelling van Rhodesiese patriotisme. Voor hierdie emosionele realiteit het alle materiële teenargumente verkrummel.[22]

Dit is vandag steeds ter sake om daarop te wys dat die mislukking van Smuts se Rhodesiese inisiatief, nie alleen 'n groter Suid-Afrika onder Smuts se leiding tot 'n romantiese droom gereduseer het nie, maar ook 'n prinsipiële heroriëntasie in die standpunt van die Britse regering oor die toekoms van sy Protektorate in Suider Afrika tot gevolg gehad het. Enersyds was die tot hiertoe gehuldigde standpunt dat die Protektorate uiteindelik deel van Suid-Afrika sou vorm voortaan 'n aanvegbare hipotese. Andersyds sou die idee van 'n kombinasie van Britse state in Sentraal Afrika, wat as teëpool teen 'n Afrikanerdomineerde suide kon dien, 'n gedagte wat toenemend populêr geword het.[23] Gesien vanuit ons huidige politieke situasie in Suider Afrika wen hierdie gebeure van 1922 in elk geval steeds aan lotsbestemmende betekenis. Smuts was egter 'n vegter en idealis, derhalwe was die Rhodesiese episode nie die einde van sy groter Suid-Afrika nie.

## 4. Die Protektorate

Ook wat die Protektorate betref het Smuts reeds voor sy aanvaarding van die premierskap blyke van sy siening gegee dat die Protektorate by die Unie ingelyf moes word. Veral die kwessie van Swaziland se toekoms is van dringende belang geag.[24]

Na Smuts se bewindsaanvaarding was dit opsigtelik dat hy die fokus nie op die Protektorate nie, maar eerder op die periferie d.w.s. op state soos Suidwes en Rhodesië laat val het in sy ekspansionisme. Sy idee was heel opsigtelik om die kring van buite na binne nouer te trek. Anders gestel; as die randeiers ingepalm was, sou die ander gebiede geen probleme oplewer nie. Boonop het die ernstige ekonomiese en partypolitieke probleme wat op sy bewindsoorname gevolg het, hom genoop om die pas ten aansien van die Protektorate te makeer. Tog het daar in 1922 samesprekinge met Blanke setlaars van Swaziland oor moontlike inlywing plaasgevind.[25] Feit was egter dat daar ook op hierdie tydstip met die Portugese oor Lourenco Marques onderhandel is,[26] en omdat voorkeur aan laasgenoemde gegee is, is die Swazilandse inisiatief gekortwiek.

Op die koop toe was die Swart inwoners van die Protektorate nie begerig om deel van Suid-Afrika te word nie.[27] Hierdie feit het Smuts se bedingingsposisie verder verswak. Op die keper beskou wil dit skyn of Smuts die Protektorate se deel-word-van-Suid-Afrika as miskien te vanselfsprekend aanvaar het. Sy mislukking betreffende die Protektorate was egter iets waarop geen ander premier kon verbeter nie.

## 5. Mosambiek — Die Laaste Strooihalm

Smuts het reeds tydens die Eerste Wêreldoorlog en tewens ook tydens sy Rhodesiese offensief, blyk gegee van sy meer as terloopse belangstelling in Portugees-Oos-Afrika.[28] Hy het geredeneer dat met Rhodesië amper ingelyf, sou die Portugese maklik kapituleer. Sy visie was ambisieus — Mosambiek, Rhodesië, Katanga en Oos-Afrika, dit alles kon deel word van 'n omvattende Dominium waardeur die Unie **en** die Britse Ryk gedien kon word.[29]

Die feit dat die 1909 konvensie met die Portugese na die Eerste Wêreldoorlog nie meer behoorlik gefunksioneer het nie, het Smuts die geleentheid gebied om sy voelers ooswaarts uit te stoot. In 1920 het daar, as voorspel tot wat sou volg, dan ook wilde gerugte in Lourenco Marques die rondte gedoen as sou Smuts die hawe wou oorneem. Hoewel Smuts die gerugte ontken het, het hy bevestig dat Lourenco Marques as hawe oneffektief beheer is en weens verwagte mynuitbreidings in Oos-Transvaal sou die hawe drasties opgeknap moes word, anders sou 'n alternatiewe hawe gevind moes word.[30] Die posisie is verder deur die Natalse suikerbedryf se ekonomiese penarie en die moontlikheid van 'n eie hawe aan die Natalse Noordkus bemoeilik. Teen die einde van 1921 stel Smuts sy standpunt openhartig in 'n skrywe aan d'Andrade oor die vernuwing van die konvensie. Hy het betoog: *"I trust you will be provided with widest power to negotiate lasting arrangements which will be satisfactory to all parties. Early entry of Rhodesia into Union of South Africa makes arrangements about Beira also desirable. If honourable arrangements embracing whole of Mozambique could be come to, Union would be prepared to make financial concessions which will benefit Portugal also largely"*.[30]

Smuts se strategie was opsigtelik; ten einde 'n groter Suid-Afrika tot stand te bring, wou hy Portugal met 'n ekonomiese stuiwer in die armbeurs omkoop. Terselfdertyd was Smuts egter agteraf besig om alles in sy vermoë te doen om te verhinder dat die Portugese regering 'n lening in Londen bekom ten einde die hawe self op te knap.[32] Kortom: Smuts wou Portugal deur ekonomiese druk tot geografiese kapitulasie dwing.

Ten einde hierdie oogmerk te bereik is naas gemelde stappe, 'n tweeledige aanslag van stapel laat loop. As eerste prioriteit sou gepoog word om Mosambiek by die Unie in te lyf; misluk dit, sou Smuts minstens poog om deur manipulasie beheer oor die hawe van Lourenco Marques te verkry.

Gedurende April 1922 het Smuts, naas sy Rhodesiese offensief, ook met die Portugese oor die toekoms van Mosambiek onderhandel. Hy het egter spoedig besef dat die Portugese nie vir 'n politieke assosiasie te vinde was nie en hy het gevolglik gekonsentreer op die idee van 'n hawe wat deur die Unie beheer sou word. In Junie 1922 het die onderhandelinge tydelik afgespring; tog het Smuts steeds gehoop dat die Portugese uiteindelik by sy groter Suid-Afrika planne sou inval.[33] Die Portugese onderhandelaars het op hierdie tydstip deur pers-

menings, onderhoude en derglike meer hulle vasberadenheid herbevestig om beheer oor Portugese grondgebied te bly behou.[34] Smuts het nou, hoewel tydelik onnugter deur sy Rhodesiese offensief, gepoog om die gematigde d'Andrade se posisie as onderhandelaar ten koste van die radikale Camacho uit te bou.

Omdat hy steeds nie suksesvol met sy poging was nie, het hy in 1923 sy voorstelle verder afgewater. 'n Ooreenkoms is voorgestel waardeur die skyn van beheer oor die hele hawe deur die Portugese gehandhaaf sou word. In praktyk sou Suid-Afrika en die Britse Ryk egter die septer oor hierdie hawe swaai.[36] In Februarie 1923 moes die premier egter in die Volksraad toegee dat die onderhandelinge met die Portugese grootliks skipbreuk gely het. Tog erken Smuts dat hy bitter graag met die Portugese tot 'n vergelyk sou wou kom.[37] Dit het vir Smuts per slot van sake om veel meer as 'n ekonomiese vergelyk gegaan en juis daarom het hy telkens weer sy saak aan invloedryke politici probeer verkoop. In 'n skrywe aan die Britse konsulgeneraal in Lourenco Marques het hy sy holistiese ekspansionisme miskien die tiperendste saamgevat deur te verwys na die noodsaaklikheid van Britsbeheerde hawens vir gebiede soos Noord-Rhodesië en Nyassaland. Hy vervolg: *"The seaboard requirements of these latter states raised the Empire aspect of the whole problem. It was no longer merely a question of a convenient corridor for the Transvaal, considerations of vital importance to British South Africa became involved. Sooner or later the Province, at least as far north as the Zambezi, must . . . be forced to identify itself with the British confederacy that enveloped it"*:[38] Maar helaas het ook van hierdie poging niks tereg gekom nie.

Word hierdie laaste episode in Smuts se groter Suid-Afrika-strewe tydens sy eerste premierskap krities geëvalueer, dan is dit duidelik dat hy ook hier finansiële druk as die towerformule beskou het wat sy uitbreidingsideale moes realiseer. In hierdie proses het hy enersyds Portugese nasionalisme geheel en al onderskat en ook nie rekening gehou met sy eie mense se besware dat hy onverskillig teenoor sy volk se ekonomiese probleme gestaan het nie.[39]

## 6. Evaluering en Nabetragting

Word die hele uitbreidingspoging van Smuts ten slotte geëvalueer, dan sal toegegee moet word dat sy konsekwente verbandlegging tussen Ryks- en Suid-Afrikaanse belange getuig het van politieke realisme eerder as opportunisme. Brittanje was per slot van sake die magtigste moondheid in Afrika en deur met Brittanje saam te werk kon Suid-Afrika sy eie posisie die beste versterk. Smuts het verder visie openbaar en sterk leiding gegee betreffende 'n groter Suid-Afrika. Ongelukkig het sy optrede argwaan onder baie Suid-Afrikaners tot gevolg gehad. Dit het gelyk of Smuts gepreokkupeer was met hierdie ideaal ten koste van sy eie mense wat veral op materiële gebied noustrop getrek het. Hy wou egter deur sy optrede juis 'n grootse toekoms vir die nageslag skep. Daarby was dit 'n feit dat die na-oorlogse tumult 'n tydperk was waarin redelik radikale veranderinge (ook territoriaal) relatief gelate deur 'n ontredderde wêreldgemeenskap aanvaar sou word. Dit is verder in elk geval 'n ope vraag of die mislukking van sy poging primêr voor Smuts se deur gelê kon word. 'n Ongelukkige toeloop van omstandighede soos die aanstelling van die Buxton-komitee, die 1922-staking en droogtes enersyds en partypolitieke motiewe van sy teëstanders andersyds, sou ewe goed as basiese redes vir die mislukking van sy poging aangevoer kon word. Wat vasstaan is die feit dat hierdie uitbreidingsgeleentheid hom nooit weer so uitnodigend en met die aktiewe steun van die Britse regering sou voordoen nie.

Uit eietydse perspektief wil dit skyn of hierdie uitbreidingspoging van Smuts getuig het van visie en versiende staatsmanskap. Smuts het inderdaad hier (soos Dönges dit by geleentheid gestel het)[40] aan die eerste kriterium van staatmanskap voldoen nl. om nie aan die volgende verkiesing nie, maar aan die volgende geslag te dink.

Feit is dat 'n mens geen profeet hoef te wees om te besef dat die RSA se huidige pogings om 'n sinvolle geopolitieke dispensasie, wat ook ekonomies en staatkundig lewensvatbaar is, te skep, oneindig makliker en waarskynlik sinvoller sou kon ontplooi het as Smuts se pogings gedurende die jare 1919 tot 1924 met sukses bekroon was.

---

## VERWYSINGS:

1. Hierdie artikel is 'n verbesondering van 'n deel van 'n proefskrif getitel: **Generaal J C Smuts as Premier van die Unie van Suid-Afrika 1919-1924.**
2. M H Trümpelmann: **Generaal J C Smuts as Premier van die Unie van Suid-Afrika 1919-1924;** (Ongepubliseerde D Phil Proefskrif, U.P., 1978), p.216 en verder.
3. Hier word gedink aan persone soos Louis Botha, Paul Kruger en sir D de Villiers Graaff. Vgl. o.a. R Hyam: **The Failure of South African Expansion 1908-1948;** London (etc.) 1972, pp.14-33. Sien ook J C Smuts: **Africa and Some World Problems.** Oxford, 1930, p.63. Oor Smuts se wysgerige verantwoording van sy uitbreidingspogings vgl. J C Smuts: **Greater South Africa.** Johannesburg, 1940, pp.131-138 en A C Cilliers: Generaal Smuts se "Holism and Evolution". **Die Huisgenoot,** 27-5-1927; W K Hancock: **Smuts I** Cambridge, 1962, pp.310-312.
4. Vgl. M W Swanson: South West Africa in Trust, 1915-1939. (P Gifford and W R Louis (eds.): **Britain and Germany in Africa**). New Haven, 1967, p.632.
5. Vgl. o.a. **Smuts Papers** (S P)Band 198 Vol. 25 No. 241: Smuts — W E Rappard, 4-7-1922, **Prime Minister** (P M) Band 406 Lêer 32/1 Vol. IV: (Privaat en Persoonlik) Smuts — W S Churchill, 5-9-1921.; M H Trümpelmann: **Generaal J C Smuts as Premier van die Unie van Suid-Afrika 1919-1924,** pp.223-229.
6. As daar voortaan na Rhodesië verwys word, word vir doeleindes van hierdie studie die eertydse Suid-Rhodesië (Zimbabwe) bedoel.
7. Hierdie werkie het anoniem in 1899 verskyn maar F W Reitz, J de Villiers Roos en Smuts is as outeurs genoem. Vgl. F A van Jaarsveld: **Gekiedkundige Verkennings,** Pretoria, 1974, p.62 (voetnoot 45); W K Hancock and J van der Poel (eds.): **Selections from the Smuts Papers I** (Smuts — W T Stead, 4-1-1902). Cambridge, 1966, p.476.

8. Vgl. vir meer besonderhede M H Trümpelmann: **Generaal J C Smuts as Premier van die Unie van Suid-Afrika 1919-1924,** p.230 en verder. Smuts het veral in briewe aan hierdie persone hulle tot sy standpunt probeer oorhaal. Vgl. **P M** Band 405 Lêer 32/1 Vol II vir telegramme aan al drie gemelde persone (Maart 1921).

9. Vgl. **P M** Band 406 Lêer 32/1 Vol IV: (Privaat en Persoonlik) Smuts W S Churchill, 5-9-1921.

10. Vgl. veral **P M** Band 406 Lêer 32/1 Vol. V: (Private en Persoonlike telegram) Smuts — W S Churchill, 26-10-1921.

11. Coghlan was haastig om die saak af te handel omdat hy nie in Smuts se hande wou speel nie. Vgl. M A G Davies: **Incorporation in the Union of South Africa or Self-Government: Southern Rhodesias Choice** 1922. Mededelings van UNISA. C.38. Pretoria, 1965, pp.22-23.

12. Vgl. M H Trümpelmann: **Generaal J C Smuts as Premier van die Unie van Suid-Afrika 1919-1924,** pp.248-253. Sien ook **J B M Hertzogversameling** Band 48: W Douglas Jones — Leier N.P., 7-1-1922 en Hertzog se antwoord gedateer 6-2-1922.

13. Vgl. o.a. P R Warhurst: Rhodesian South African Relations, 1900-1923. **Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal,** No. 3, Nov. 1971, pp.107; **Die Burger,** 16-8-1922 (Die groot verraad).

14. Vgl. M H Trümpelmann: **Generaal J C Smuts as Premier van die Unie van Suid-Afrika 1919-1924,** pp.255-258.

15. **Eerste Minister (E.M.)** Band 91 Lêer 32/2: E. Lane — Stanley, 23-10-1922 ('n Kopie vir kennisname).

16. Vgl. o.a. **The Friend,** 7-11-1922 (Hoofartikel); **Round Table,** No. 49, Des. 1922, pp.209-217; **E M** Band 91 Lêer 32/1: (Persoonlik) D Chaplin — Smuts, 30-10-1922.

17. Vgl. o.a. **S P** Band 198 Vol. 25 No. 273: Smuts — A Bonar Law 20-11-1922; **De Volkstem,** 9-11-1922 (Genl. Smuts oor Rhodesië).

18. J P RWallis: **One Mans Hand.** London (etc.), 1950, pp.209-213.

19. M A G Davies: **Incorporation in the Union of South Africa or Self Government: Southern Rhodesias Choice, 1922,** pp.36-54.

20. P R Warhurst: Rhodesian South African Relations 1900-1923. **Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal,** No. 3, Nov. 1971, pp.107-108.

21. Hier word veral aan die 1922-staking, droogtes, tussenverkiesings en opstande van Swartes gedink.

22. Die voorafgaande betoog is uitvoeriger en gedokumenteerd verantwoord in die onderhawige proefskrif van die skrywer van hierdie artikel.

23. Vgl. o.a. R Hyam: **The Failure of South Africa Expansion 1908-1948,** p.71.

24. Vgl. o.a. **Witskrif:** Negotiations Regarding the Transfer to the Union of South Africa of the Government of Basutoland, the Bechuanaland Protectorate and Swaziland 1910-1939. Pretoria 1952, p.8; **Cmd 8707** Basutoland, The Bechuanaland Protectorate and Swaziland etc. . . . pp.13-14.

25. Vgl. o.a. **E M** Band 32 Lêer 7/20: Smuts — E Walton, 10-1-1922.

26. R Hyam: **The Failure of South African Expansion 1908-1948,** pp.97-98.

27. Vgl. Lord Hailey: **The Republic of South Africa and the High Commission Territories.** London, 1963, p.100.

28. Vgl. o.a. **S P** Band 198 Vol. 25 No. 272: Smuts — F Holt, 20-11-1922 R Hyam: **The Failure of South African Expansion 1910-1948,** P.28.

29. **S P** Band 256 Box G No. 4: (geheime memo). The Mozambique Province and the Union of South Africa (ongedateerd).

30. **E M** Band 140 Lêer 45/1: Smuts — De Wagenaer, 5-1-1921.

31. **E M** Band 140 Lêer 45/1 Vol 1 (Telegram) Smuts — Lord Curzon, 30-11-1921 (Curzon sou die boodskap aan d'Andrade oordra).

32. Vgl. o.a. **E M** Band 32 Lêer 7/20: Smuts — E Walton, 1-2-1922.

33. Vgl. M H Trümpelmann: **Generaal J C Smuts as Premier van die Unie van Suid Africa 1919-1924,** p.288 en verder.

34. Vgl. o.a. **E M** Band 141 Lêer 45/1 Vol. VI: L Carnegie — Balfour, 2-6-1922; **A Colonia,** 6-7-1922.

35. **E M** Band 141 Lêer 45/1 Vol. III: Smuts — F Wirth, 7-11-1922.

36. **E M** Band 141 Lêer 45/1 Vol. IX: (Kabelgram) Smuts — Koloniale Sekretaris 31-1-1923.

37. **Cape Times,** 21-2-1923 (The Unions relations with Mozambique).

38. **E M** Band 142 Lêer 45/1 Vol II: Memo of a Conversation between General Smuts and newly appointed British Consul-General at Lourenco Marques.

39. Vgl. **The Friend,** 14-9-1922 (Hoofartikel): **The Cape,** 1-9-1922 ("The Man and the Hour" — After).

40. T E Dönges: Generaal Hertzog as Staatsman. **Hertzog Annale,** IX, Nr. 13, Des. 1960, pp.2-4.

## Kennisgewing

'n Beperkte hoeveelheid van ons eerste simposium-publikasie naamlik: M H Trümpelmann (red.): Kreatiewe Geskiedenisonderrig is tans beskikbaar by die RAU se Buro vir Voortgesette Onderwys, Posbus 524, Johannesburg 2000. Stuur 'n tjek/posorder van R9,50 (alles ingesluit) na bogenoemde buro as u 'n eksemplaar wil hê.